



7 Junie 2021

Geagte Ouers

## GEKONTROLEERDE TOETSREEKS KWARTAAL 2 VAN 2021

Die Gekontroleerde Toetsreeks begin op Maandag, 14 Junie 2021 vir die Gr. 4 - 7 leerders. Vanaf Maandag, 14 Junie sal daar geen ekstra klasse plaasvind nie. Indien 'n leerder hulpverlening benodig versoek ons dat die leerder 'n afspraak met die betrokke vakonderwyser maak.

### Belangrike reëlins tydens die toetsreeks

- Normale klaswisseling vind plaas op die dae wat daar net een sessie is. Pak dus elke dag jou tas volgens jou dagrooster.
- Indien daar 2 sessies is word daar nie gewissel nie. Spesiale klasse word in daardie tyd aangebied, sien die rooster.
- Skool kom normale tyd uit tydens die toetsreeks.

### Afwesighede tydens toetsreeks a.g.v. isolasie

- Leerders wat in isolasie is a.g.v. kontak met 'n positiewe Covid persoon sal die betrokke vraestelle vanaf die huis mag skryf. Alle nodige bewyse moet vooraf ge-e-pos word na die Graadhoof en Adjunkhoof (hbarkhuizen@lardies.co.za) Reëlins sal deur die Departementshoof aan u gekommunikeer word t.o.v. die prosedure van die skryf van die vraestelle.

### Afwesighede tydens toetsreeks a.g.v. dans eksamens

- Leerders wat deelneem aan dans eksamens tydens die toetsreeks moet ten minste 1 week voor die aanvang van die toets 'n e-pos stuur aan die Graadhoof sodat die nodige reëlins getref kan word t.o.v. die skryf van die betrokke vraestelle.

### Afwesighede tydens toetsreeks a.g.v. siekte

- **SLEGS** leerders wat afwesig is a.g.v. siekte mag die hertoets skryf. Leerders wat afwesig is a.g.v. siekte moet 'n mediese sertifikaat as bewys inhandig. Op die dag wat die leerder afwesig is moet die ouer voor 08:00 'n e-pos stuur aan die Registeronderwyser en Graadhoof vir kennisname. Geen hertoets mag afgelê word alvorens die mediese sertifikaat nie ingehandig is nie.

### Afwesighede tydens toetsreeks a.g.v. vakansie

Leerders wat afwesig is tydens die toetsreeks a.g.v. vakansie reëlins sal nie die hertoets mag aflê nie. Die betrokke leerders sal dus 'n "a" vir AFWESIG op hul rapport ontvang. Let wel dat indien 'n leerder nie 'n toets of eksamen skryf nie dat hy/sy nie in ag geneem sal word vir die Top meriete toekennings of medaljewenner nie.



## TOETSROOSTER

DATUM	DAG	VAK	GRAAD	HERTOETS	
14 Junie	Maandag	Afrikaans Taal	Sessie 1	Gr. 4 - 6	
		Geskiedenis	Sessie 1	Gr. 7	
		Afrikaans Kreatiewe Skryf	Sessie 2	Gr. 4 - 7	
		Wiskunde stream res van die dag (Geen wisseling)			
15 Junie	Dinsdag	Wiskunde		Gr. 4 - 7	
17 Junie	Donderdag	PSW	Sessie 1	Gr. 4 - 6	Afrikaans Taal Gr 4 - 6
		SK	Sessie 1	Gr. 7	Gesk Gr 7
		English Creative Writing	Sessie 2	Gr. 4 - 7	
		NW stream res van die dag (Geen wisseling)			
18 Junie	Vrydag	English Comprehension		Gr. 4, 5 & 7	Wisk Gr 4 - 7
		SK Prakties		Gr. 6	
21 Junie	Maandag	NW & Teg		Gr. 4 - 6	PSW Gr 4 - 6
		NW		Gr. 7	SK Gr 7
22 Junie	Dinsdag	English Language		Gr. 4 - 6	Eng Comp Gr 4, 5, 7
		Afrikaans Taal		Gr. 7	
23 Junie	Woensdag	Geografie		Gr. 4 & 7	NW & Teg Gr 4 - 6
		Geskiedenis		Gr. 5 & 6	NW Gr 7
24 Junie	Donderdag	Afrikaans Begripstoets		Gr. 4	Eng Lang Gr 4 - 6
		SK Prakties		Gr. 5	Afr Taal Gr 7
		English Comprehension		Gr. 6	
		English Language		Gr. 7	
25 Junie	Vrydag	SK Prakties	Sessie 1	Gr. 4	Geo Gr 4 & 7
		Afrikaans Begripstoets	Sessie 1	Gr. 5 & 6	Gesk Gr 5 & 6
		Tegnologie	Sessie 1	Gr. 7	
		Afrikaans Opsomming	Sessie 2	Gr. 4 - 6	
		Afrikaans Begripstoets	Sessie 2	Gr. 7	
28 Junie	Maandag	Geskiedenis		Gr. 4	Afr Begrip Gr 4
		Geografie		Gr. 5 & 6	Eng Comp Gr 6
		Wisk II		Gr. 7	Eng Lang Gr 7
29 Junie	Dinsdag	Wisk II		Gr. 4 - 6	Afr Begrip Gr 5 & 6
		EBW		Gr. 7	Teg Gr 7
30 Junie	Woensdag	English summary		Gr. 4 - 6	Gesk Gr 4
		LO		Gr. 7	Geo Gr 5 & 6 EBW Gr 7



Hertoetse vir die volgende vakke

Wisk II	Woensdag, 30 Junie	14:00	Gr. 4 - 7
SK Prakties	Donderdag, 1 Julie	14:00	Gr. 4 - 6

## AKADEMIESE MERIETE

Aangesien ons vanjaar ten volle terug is by die skool en alle kwartale akademies kan voltooi sal daar voortgegaan word met die akademiese meriete toekennings soos uiteengesit in ons meriete beleid.

### Toekennings in Intermediêre- en Seniorfase (Gr. 4 - 7)

Die volgende toekennings word gemaak:

- 'n Silwer sertifikaat vir 'n gemiddelde % van 75% tot 79,9% vir al vier kwartale in dieselfde jaar.
- 'n Goue sertifikaat vir 'n gemiddelde % van 80% tot 84,9% vir al vier kwartale in dieselfde jaar.
- 'n Medalje en 'n diploma vir 'n gemiddelde % van 85% tot 100% vir al vier kwartale in dieselfde jaar.
- 'n Sertifikaat van verdienste word toegeken vir leerders wat 'n 10% verbetering op hulle gemiddelde kwartaalike % toon en daardie % handhaaf

Die Top 10/20 presteerderlys sal kwartaaliks aangekondig word in Gr. 4 – 7. Die top 20 akademiese presteerders sal alfabeties aangekondig word vir Gr. 4 – 6 en die top 10 akademiese presteerders sal in stygende prestasie orde aangekondig word in Gr.7.

- Leerders wat gedurende die jaar vanuit 'n ander skool aansluit by die leerderkorps van Laerskool Elarduspark sal erkenning vir hulle akademiese prestasies ontvang gebaseer op die riglyne hierbo.
- Nuwe leerders wat aansluit by Laerskool Elarduspark sal nie in aanmerking geneem word vir die Top 10 Presteerderlys wat aan die einde van die jaar bekend gemaak word nie.
- Gr. 4 – 6 Top-tien word alfabeties aangekondig by merieteaand.

### Uitstekende akademiese prestasies

- In Gr. 7 word 'n ere-penning toegeken aan leerders wat 'n 7 behaal (80%+) in alle vakke in al 4 kwartale in dieselfde jaar.
- In Gr. 7 word 'n dux leerder aangewys – dit is die leerder wat algeheel die beste in die graad gedoen het na al 4 kwartale in dieselfde jaar. Hy/sy ontvang 'n goue sertifikaat en 'n groot vlam.
- In Gr. 7 ontvang die beste presteerder in elke vak 'n trofee en 'n goue sertifikaat Die leerder wat in aanmerking kom vir die toekenning moes al die formele toetse geskryf het (Kwartaaltoetse sowel as eksamen).
- Om 'n ere-penning te ontvang of in aanmerking te kom vir die Dux-toekenning moet 'n leerder gedurende die eerste 4 kwartale al die



formele assesserings van Laerskool Elarduspark voltooi het. Alle akademiese punte word bereken tot en met die tweede desimale plek.

## **TOP 20 VIR KWARTAAL 1 VAN 2021**

Op Maandag, 14 Junie sal die Top 20 akademiese presteerders van kwartaal 1 aangekondig word. Gr. 4 - 6 leerders word alfabeties aangekondig en graad 7 leerders volgens hulle akademiese prestasies.

Baie sterkte aan elke Lardie wat besig is met voorbereidings, ons glo en vertrou dat julle hard sal werk en net julle beste sal lewer.

**Vriendelike Lardie-groete**

**ME H BARKHUIZEN  
ADJUNKHOOF**

**MNR T HUMAN  
SKOOLHOOF**